SA kampioenskapstydrenne terug in die Wes-Kaap

Die Overberg- Grand Prix word hierdie naweek as die eerste ronde van die Suid-Afrikaanse nasionale tydrenkampioenskap en tweede ronde van die Wes-Kaapse tydrenkampioenskap aangebied.

Die eerste tydren vir plaaslike geesdriftiges vanjaar was die Darling-tydren die eerste naweek in Maart, en die laaste nasionale kampioenskapstydren was die Toyota Kaap-handelaarstydren in September 2016.

Plaaslike tydrenaanhangers wat wil kyk hoe passasiersmotors teen nekbreekspoed op plaaspaaie tussen koringlande jaag soos motoriste op die N2 maar net kan droom om te doen, kry van môre af (Vrydag en Saterdag 29 en 30 Maart) weer die geleentheid.

Een plaaslike jaer – die jong Paul-Hendrik Franken van Gansbaai en sy navigator, Hilton Auffrey – kan hierdie naweek 'n doring in die vlees van die "grootkokkedoor"- nasionale spanne wees, onder wie Toyota se fabrieksjaers, Guy Botteril en Simon Vacey-Lyle, in hul Etios R2N, wat deur dieselfde span wat die Dakar-Hilux ontwikkel het, gebou is. Franken-hulle, die naaswenners van die Darling-tydren, die openingsronde van die Wes-Kaapse tydrenkampioenskap, kan nie net onder die ses nasionale inskrywings eindig nie, maar het 'n baie goeie kans om die hele renveld in hul turbo-aangedrewe VW Polo met 'n eenliter-driesilinder-enjin te klop.

Die ervare nasionale jaer AC Potgieter en sy navigator, Nico Swartz, jaag ook in 'n nuwe turboaangejaagde eenliter-Polo soortgelyk aan dié van Franken. Die motor is die ene onbekendhede, maar 'n mens kan aanneem dat Volkswagen nié hierdie dapper stap sou doen as VW Motorsport nie daarvan oortuig was dat die turboaangejaagde driesilinder-Polo by die turbolose 1,6-liter-Etios kan bly nie.

Potgieter se ervaring kan hom dalk help om sy voet lig genoeg te hou om nie die nuwe motor in sy eerste ren te breek nie, maar hard genoeg neersit om die Etios van die verdedigende kampioene te klop.

Die nasionalekampioenskapsjaers sluit ook die klassieke sowel as die Open 2- en Open 4- ope klasse in, waar ook vierwielaangedrewe voertuie soos die Yaris- en RunX-S2000's en twee Subaru WRX STi's te sien sal wees. Open 2 is die grootste klas in die byeenkoms met altesaam 10 motors, wat talle WP-jaers insluit.

Asof dit nie reeds genoeg is nie, word die Overberg- Grand Prix gekenmerk deur 'n aantal interessante en unieke inskrywings:

- Die 71-jarige Andy Haigh-Smith van die Malmesbury-omgewing is die oudste aktiewe tydrenjaer in Suid-Afrika (net 'n paar maande jonger as die legendariese Sarel van der Merwe wat in Desember verlede jaar 72 geword het), en jaag in sy laaste seisoen saam met die jong Tania Vermaak van Strand. Dié twee is die verdedigende Wes-Kaapse provinsiale tydrenkampioene (Mitsubishi Lancer GT).
- Die 2018- klassieke klas-kampioen Etienne Malherbe sal plaaslike tydrentoeskouers ouder gewoonte met sy dwars-deur-die-draaie-jaagstyl in sy Datsun 160U SSS vermaak en kan sy klas straks wen;
- Een van die skouspelagtigste deelnemers aan plaaslike tydrenne, Johny Gemmel, en sy navigator, Carl Peskin, het hul Porsche aan die byeenkoms onttrek nadat Gemmell se pa verlede week oorlede is.



Dag een in Caledon

Die dienspark is by die Botaniese tuin. Die seremoniële wegspring is by Rola Ford in Caledon (14:00). Die sneltrajekte word as SS 5+6 aangedui, en die "smiley" die toeskouerpunte Toeskouerpunt 3 is een van die beste plekke om die motors in aksie te sien.

- Toegang is oral gratis



Dag twee in Klipdale

Die kaart dui aan waar toeskouers toegelaat word (geen toeskouers by sneltrajek 7 en 9 nie). Die prysuitdeling word Saterdagaand by Ruens Kollege gehou. Die wegspring en dienspunt is by die Klipdale-koöperasie

Malmesbury-gholfklub se uitslae

Woensdag 20 Maart
Enkel-Stableford
1. William Matthysen 18
2. Donato Stelluto 17
3. Marais Erasmus 16

Donderdag 21 Maart
Beterbal-houespel
1. Saberie Petersen en Marwaan April 41
2. Dick Ross en Ian Adams 40
3. Paul Hardcastle en Joey Harder 39

Saterdag 23 Maart
Vierbal-Stableford-samespel – Geelbal
1. Natie Smith, JB van Wyk, Thys Esterhuizen, Fritz de Beer 166
2. Gerbrant Bezuidenhoud, Adriaan Louw, Paul Hardcastle, Johann Ackerman 165
3. Tony Goosen, Appie van der Merwe, Neil Katzeff, Alex Katzeff 157

Swartland Gazette
Visit our website at
www.netwerk24.com

BLACK ORCHARD PTY LTD — ENVIROAFRICA CC

NEMA EIA, PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

BLACK ORCHARD PTY LTD: PROPOSED INCREASE OF THE EXISTING ZWARTFONETEIN DAM WALL

(RE Zwartfonetein Farm No. 792, Malmesbury, Western Cape)

Notice is hereby given of a public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998) ("NEMA") and the EIA Regulations (2014) as amended, as well as the National Water Act, 1998 (Act 36 of 1998) ("NWA"); for the application for environmental authorisation (EIA) and a water use licence (WULA)

Relevant notice(s):	Activity No (s)	Description
GN. R. 327 (2014) Listing Notice 1	19	The infilling or depositing of any materials of more than 10 m² into, or the dredging, excavation, removal or moving of soil, sand, shells, grit, pebbles or rock of more than 10 m³ from; (i) a watercourse;
	27	The clearance of an area of 1 ha or more, but less than 20 ha of indigenous vegetation;
	48	The expansion of dams or weirs, where the dam or weir, including infrastructure and water surface area, is expanded by 100m² or more (a) within a watercourse
GN. R 324 (2014) Listing Notice 3	12	The clearance of an area of 300m² or more of indigenous vegetation (i) Western Cape (i) Within any critically endangered or endangered ecosystem listed in terms of section 52 of NEMBA or the National Spatial Biodiversity Assessment (ii) Within a CBA
	50	The expansion of facilities or infrastructure for the off-stream storage of water, including dams and reservoirs, where the combined capacity will be increased by 50 000m³ or more
Section 21 of NWA	21 (b) 21 (c) 21 (i)	Storing water; Impeding or diverting the flow of a watercourse: Altering the bed, bank, course or characteristics of a watercourse.

Please note that should additional listed activities be identified during the application process they will be communicated to registered I&AP's. EnviroAfrica cc has been appointed, to undertake the Environmental Impact Assessment (EIA) for the proposed project HN Schoeman en Vennote was appointed to conduct the Water Use Licence Application (WULA).

Project Description & Location: (33° 30' 35.52"S, 18° 54' 40.22"E)
The proposed development entails the increase in height of the existing Zwartfontein dam wall with 2.3m. The existing dam wall height is ±11.7m and with the increase the maximum dam wall height will be 14m. The increase if the dam wall height will result in an increase of the dam's total footprint from 3.8ha to 5ha (1.2ha increase). The current dam capacity is at 160 000m³ and will be increased to 268 000m³. An existing water use for the taking of water exists, water is pumped from the Berg River. The dam will be located on agricultural land.

Description of Alternatives:
Alternative includes layout options and the option of not proceeding with the proposed development (the No-Go option) will be discussed in the application process.

Public Participation:
Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below. The registering/ commenting period related to the EIA process will end on 30 April 2019. The registering/ commenting period related to the WULA process will end on **31 May 2019.** In order to register or submit a comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details (indicating your preferred method of notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties.

For more information – Consult: EnviroAfrica; P.O. Box 5367, HELDERBERG, 7135 Fax: 086 512 0154 / Tel 021 8511616 / E-mail: admin@enviroafrica.co.za

EEEEEE-ST260319

Guillaume Nel environmental consultants

PUBLIC PARTICIPATION PROCESS
GNEC Reference No: 20537
DEA&DP Reference: 16/3/3/6/7/1/F5/20/2005/19

PROPOSED EXPANSION OF THE DELI-CO ABATTOIR AND COMPOSTING FACILITY ON THE REMAINDER OF FARM 1110 (DE LA FONTAINE), RIEBEEK KASTEEL, WESTERN CAPE

Project Proposal: Application for Environmental Authorisation and for a Waste Management License is made for the expansion of the Deli-co abattoir and composting facility on the remainder of farm 1110 (De La Fontaine). The construction of an additional wing will increase the throughput capacity to 2000 units per day. The development area will increase to 1 325m2.

Location: The farm is located approximately 5km North from the town of Riebeek Kasteel along Kloof Street.

Application for environmental authorization to undertake the following activity:

EIA activities: Listing Notice 1 (GN No. R. 983) Activity 38

Waste Management activities: Category A (GN No. 921) Activity 6

Opportunity to participate: Individuals Interested and/or affected by the proposed project are invited to register with Guillaume Nel Environmental Consultants as an Interested and Affected Party (I&AP). I&APs should refer to the GNEC reference number 20537 in all correspondence, and must provide their details including: Name, contact details, preferred method of correspondence (e.g. e-mail address or fax number) and an indication of any direct business, financial, personal or other interest which they have in the application to the contact person indicated below within **30 days** from the date of this notice **(25 March 2019 to 29 April 2019).**

A copy of the documents currently under review will be available at the Riebeek Kasteel Public Library **(022 448 1258)** as well as on the GNEC website (www.gnec.co.za).

For more information contact: **Mr Cahlan Williams,** Guillaume Nel Environmental Consultants, PO Box 2632, Paarl, 7620, (Tel): **021-870 1874** (Fax) **021-870 1873,** e-mail: cahlan@gnec.co.za

EEEEEE-ST260319